

Erediens uit Joël 2:12 -17

Kernteks Vers 13:

Skeur julle harte nie julle klere nie, kom terug na die Here julle God toe.

Ds Andries Combrink

1. Groet en opening:

Ek groet almal wat wil luister na die Woord van die Here en wat Hom saam met ons wil aanbid, in die Naam van die Hoof en die Koning van die Kerk, Jesus Christus, ons Here. Mag die Heilige Gees hierdie diens gebruik om met ons te praat en om ons gewillig te maak om deur die Woord en Gees nuutgemaak te word. Ek bid dat die vrede van God met elkeen van julle sal wees.

2. Oproep tot aanbidding / Votum:

Kom laat ons die Here ons God aanbid. Die Skrif lei ons in Psalm 139: 23 en 24 om met die volgende behoefte na die Here toe te kom, as ons sy aangesig soek: Daar staan: Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad. Amen.

3. Openingsgebed: Almagtige God, Vader, Seun en Heilige Gees, hoor ons gebed as ons tot U nader om u te loof en te prys en na die voorlesing en prediking van U Woord te luister. Gee tog dat die woorde van ons mond en die gedagtes van ons hart vir U aanneemlik sal wees. Dit bid ons in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus en tot U eer. Amen.

4. Skriflesing: Joël 12: 11 - 17.

Alle eer en heerlikheid aan die Here vir die voorlesing en die prediking van Sy heilige Woord. Amen.

5. Die Preek

Die profeet Joël preek in 'n baie moeilike tyd in Israel se bestaan.

Daar heers 'n verskriklike droogte; alles is deur die son weggebrand. Kos en drank het feitlik onbekombaar vir die mense geword. Om die waarheid te sê: alles het so skaars geword dat die priesters nie meer graan of wyn in die hande kan kry vir die gereelde graan en drankoffer wat in die tempel gebring moet word nie. Armoede, hongersnood, ellende is aan die orde van die dag. Dit is 'n vernietigende droogte. Selfs die wingerdstokke het reeds verdroog en doodgegaan. Dit gaan baie swaar met die volk van die Here. Daar is 'n diepe versugting dat daar in die natuur uitkoms moet kom.

Maar wat na hulle toe kom is nie uitkoms nie, maar een van die grootste en mees skrikwekkende sprinkaanplae wat jy jou kan voorstel. Ondenkbaar groot massas sprinkane sak op die deur droogte geteisterde land toe en verslind elke grassie en sprietjie wat nog oorgebly het.

Vers 9 en 10.

Nou is daar glad nie meer weiding vir die diere of koring vir die mense nie.

Oorlogswolke pak ook nog op die horison saam. Dit is volgens 3:6 'n tyd toe Tirus en Sidom die mense van Juda en Jerusalem as slawe in Griekeland gaan verkoop. Die volk is ook weerloos voor geweldenaars wat hulle teister.

Wat moet die volk van die Here doen in so 'n angswekkende tyd?

Vers 12: Maar nou, so sê die Here: Kom terug na My toe!

Juda was afvallig van die Here. Iewers het hulle opgehou om die Here met trou en opregtheid te dien. Hulle probeer te midde van so 'n ernstige tyd van ellende en smart oorleef, maar die uitkoms waarop hulle hoop is nie God nie. Die oplossing waarna hulle soek, is nie by die Here nie!

God praat te midde van ellende en die Here bly praat ten spyte van die ontrou van Sy volk. Hy het goeie raad vir hulle. Hy wys hulle die bron van werklike antwoorde en magtige uitkoms. Deur Sy profeet, roep die Here Sy volk terug na Hom toe, want in hulle omstandighede is dit baie duidelik, dat nog net die Here hulle sal kan help.

vers 12. Met julle hele hart - radikaal en innerlik.

Dan sal die uiterlike, sigbare aanbidding en roep na die Here ook betekenisvol wees.

Vas, huil en treur!

Vas is 'n uitdrukking van afhanklikheid, hartseer en berou.

'n Manier om jouself te verneder voor God.

Huil, dui op innerlike smart oor jou sonde.

Treur, beteken om te rou oor die groot verlies van die teenwoordigheid van die Here in jou lewe as gevolg van jou afvalligheid!

Vers 13: MAAR, Skeur julle harte en nie julle klere nie.

Pasop vir 'n uiterlike bekering net ter wille daarvan om die Here te wil beïnvloed en te kry wat julle wil hê. Die Here kan nie manipuleer word deur gebede, rituele of selfs trane nie. As ons met geskeurde klere en met as op ons kop, met trane in die oë en 'n harde geroep voor God sou kom, maar dit is nie opreg nie, sal die Here dit weet. Uiterlike aanbidding en gebruike raak God net, as dit opreg is en uit ons hart kom.

Daarom:

Skeur julle harte! nie julle klere nie.

Die hart is vir die OT mens:

- Setel van emosies:
- Wil
- Denke
- Beweging
-

So moet julle terug kom na God toe.

Mens kan van jou oë af huil - of uit jou hart; uit die grond van jou menswees.

Dit is jou wil wat moet verander. Jy moet nuut en anders begin dink oor jou lewe en wat jy doen; oor jou prioriteite en jou siening van alles wat deel van jou lewe is. Jou denke moet die werk van jou hande en die rigting waarin jy loop beïnvloed en bepaal. Jou hart moet skeur.

As geskeurde klere en as op jou kop - roubeklag voor God oor jou nood die uiterlike tekens is van wat regtig in jou hart gebeur het, dan is dit baie goed en sal die Here dit sien en daarna luister. Maar eers moet ons harte voor God skeur, voordat ons in vas, rou en gebed voor Hom kan staan en verwag dat Hy ons in ons nood moet antwoord.

Die Woord sê kom terug na die Here toe. Waarom sal ons dit doen? Watter verskil gaan dit maak?

WANT (vers 13b)

Die Here is genadig: verbondsliefde, guns aan 'n mindere - onverdiend

Barmhartig: meegevoel en jammerte van God's liefde, God se weiering om Hom van Sy volk te onttrek; Gevoel van 'n ouer teenoor sy kind in nood.

Lankmoedig - geduld gepaard met goed doen.

Vol Liefde: Diepste uitdrukking van 'n persoonlike naby verhouding.

Die uitkoms van God se kinders is gewortel in die persoonlike karakter van God; in die karakter van Sy verhouding met Sy volk, Sy verbondsvolk.

Vers 14: Daarom: Hy is bereid om die straf te herroep.

As hulle hierdie eienskappe van God onthou, dan moet dit Juda sover bring om terug te keer na die Here toe. Dan sal hulle verstaan dat dit die moeite werd is om na die Here toe terug te keer.

Nie ter wille daarvan om weer seëninge te kan ontvang nie - maar omdat die Here hulle God, wat kan seën, so 'n wonderlike en heerlike God is.

Vers 15:

God dink nie individualisties nie. Sy genade is verbondsgenade en Sy barmhartigheid is verbondsliefde.

Hy kan en wil nie volstaan by die enkeling nie. Dit is nie die individuele bekering van 'n paar toegewyde gelowiges wat alles in Juda weer gaan verander nie.

Die bekering wat die nood van Juda en van Jerusalem gaan verander, is nie afgehandel voordat die hele gemeente/volk tot bekering gekom het nie.

Vers 16:

Almal moet gereinig word: die leiers, die kinders, die babas, selfs die bruidegom en die bruid wat nog op wittebrood is.

Die Here sal die land genees as die hele volk van die Here van harte - in opregte berou oor sonde en afvalligheid - na Hom toe terugkom.

Die profeet moet nie ophou roep en die priesters moet nie ophou om die ramshoring te blaas, totdat almal daar is nie.

Niemand moet die oproep van God ignoreer nie! Die hardkoppige enkeling kan in die pad daarvan staan dat die gemeente die wil van God doen; dat die gemeente weer die volle seën van die Here geniet; dat die land genees word om weer uit die oorfloed van die Here kan te kan lewe.

Ek kan in die pad staan van die Here se oplossing vir Sy mense.

Ek het nie net 'n verantwoordelikheid voor die Here teenoor myself nie - maar ook teenoor die gemeente; teenoor al God se mense in my land; teenoor die Kerk van die Here Jesus in die hele wêreld.

Vers 17.

Die priesters het 'n besondere taak.

Hulle moet eerste en sigbaar vir almal die mense voorgaan in berou en bekering - en veral in hulle voorbidding vir die mense van die Here.

Hulle moet sê:

(Die gebed) Betoon medelye...

Toepassing:

1. Oproep om terug te kom na God toe. Waar jou lewe ookal vanaand met die Here staan. Gaan terug na die Here toe. Gaan terug na Sy kerk toe. Jou Bybelstudiegroep of gemeentesel bid al so lank vir jou terugkeer. Jou plek is leeg en niemand anders kan dit volmaak nie. Moenie verder uitstel nie. Maak die saak nou met die Here uit en leef jou terugkeer na God toe uit in die kring waar jy gesien word en waar jy invloed het en waar mense vir jou bid.
2. Maar onthou dat jou terugkeer na die Here toe innerlik en opreg moet wees. Vra die Heilige Gees vir Sy genadevolle werking in jou hart en vra dat jou emosies, jou wil en jou denke sal verander, sodat jou hele lewe in woorde en in daede reg voor die Here sal wees.
3. Onthou, jy moet na die God toe kom wat wil reageer op jou trane, jou vas en jou gebede.

Jesus Christus is Sy reaksie; Hy het klaar in Jesus se lewe, dood en opstanding volledig voorsien daarvoor dat jy kan terugkom.

Hy het al klaar Sy Heilige Gees gestuur om jou te lei en te help, te troos en te verander. Dit alles is die bewys dat Hy wil luister, dit is die bewys van Sy genade, barmhartigheid, liefde, lankmoedigheid.

4. Dit gaan immers nie net oor jouself nie. Ek is verantwoordelik vir die hele gemeente; vir die volle seën van die koninkryk van God vir al Sy mense in my land en in die hele wêreld.
5. As jy 'n leier is in jou gemeente - dan is die verantwoordelikheid dubbeld soveel. As jy koud geword het vir God, ongehoorsaam, onrein - selfs as niemand anders daarvan weet nie, dan weet God en dan staan jy in die pad van die Here se volle seën in die lewe van baie mense. Kom terug - sigbaar en kragtig terug na God toe in Christus Jesus. Roep na die Here om medelye met jou en met al sy kinders. Soek na Sy aangesig en Sy vergifnis. Bid en vas totdat alles weer heel geword het tussen jou en die Here en tussen jou en die ander kinders van die Here wat Hom so nodig het en saam met wie jy geroep is om die werk van die Here te doen.
6. Onthou dat gebed hierin 'n sleutelrol het. Gebed uit die hart. Kom skeur jou hart en nie jou klere nie. Kom met jou hele hart terug na die Here toe en spreek dit uit in 'n gebed wat die genade, die liefde en die barmhartigheid van God soek. Wat glo dat Hy lankmoedig is. Wat weet dat Hy in Christus Jesus reeds geantwoord het. Bid en worstel met die Here en Sy seën sal in alle volheid en heerlikheid na jou lewe toe en na jou gemeente toe en na ons land en sy mense toe, terugkeer.

Dit is die woord van die Here. Amen.

Slotgebed:

Genadige, barmhartige en liefdevolle God en Vader. U het baie geduld en U doen goed aan ons selfs wanneer ons aan U ontrou is, omdat U wil hê dat ons moet terugkeer na U toe.

In Jesus Christus wil ek voor U troon van genade staan en met U regmaak, o Here, wat ek teen U gesondig het. Ek wil saam met almal wat aan U behoort terugkom na U toe en pleit om U medelye met my en met ons.

Hoor ons gebed, as ons voor U staan in die Naam van Jesus Christus;

Hoor ons gebed as ons na U toe kom deur die genadevolle werkinge van U Gees.

Dink aan ons Here en red ons van onself en alles wat teen U wil is in ons land en tussen ons mense.

Dink aan ons Here - en genees ons land en almal wat hier woon.

Dink aan ons Here - en open die sluis van die hemel sodat elke hemelse en aardse seën wat U vir ons in gedagte het, tog ons deel mag word.

Seën elkeen wat nou na U toe wil terugkom. Help en lei ons, o God, in U liefde en genade. Maak ons getrou aan U woord van vanaand.

In die Naam van U Seun en ons Verlosser, Jesus Christus, bid ons dit.

Amen.

Seën:

Ontvang die seën van die Here en gaan leef in sy volmaakte vrede:

Die Here sal jou seën en jou beskerm; die Here sal tot verlossing aan jou verskyn en jou genadig wees; die Here sal jou gebede verhoor en vir jou sy vrede gee;

Deur die genade van ons Here Jesus Christus,

en in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.